Codesa: 17/7/92

## Wees 'n voorbeeld:

Die tyd het aangebreek, dat alle Suid-Afrikaners moet saamstaan. Daar is nie meer tyd vir dwarstrekkery en vingerwysery nie. Indien jy nie saamstem nie, tel jou pen op en skryf jou beter idee neer, maar moenie in die openbaar staan en slegsê nie. As ons vir die ander rasses van die wêreld 'n voorbeeld van samewerking en lojaliteit is, sal hulle respek kry vir die oplossings wat ons soek vir 'n beter Suid-Afrika. 'n Goeie ouer gee ook nie aan die opstandige kind sy sin, elke keer as hy sy voete stamp nie, hy oorweeg die saak, en uit 'n gebalanseerde oogpunt tree hy dan op. Minister F.W. de Klerk is ons almal se ouer, waar dit kom by besluite neem van ons land, gee hom jou ondersteuning daarin.

Die dwarstrekkers kan nie aangaan met hulle verwoesting nie, mense betaal met hulle lewens, en ons land gaan net meer agteruit. Dit het tyd geword dat hulle self verantwoordelik gehou moet word vir alle skade wat hulle doen, hetsy met stakings of plundery. Hulle standpunte en die waarheid word so verdraai daagliks, dat ek nie weet hoe enige persoon hulle kan ondersteun nie. Ons het net een land en ons moet 'n unieke oplossing kry vir ons probleme, geen ander land se stelsels gaan hier werk nie. Kom laat ons almal saam daarna streef om dit te bewerkstellig.

Ons het gestem vir onderhandelinge, so laat dit dan gebeur. Ek maak 'n beroep op die ANC om hulle soos grootmense te gedra en terug te gaan na Codesa, sodat ons kan werk aan 'n plan van aksie. As ons wil vrede hê in ons land, moet ons dit bewerkstellig, dit gaan nie vanself gebeur nie. Ons is almal so besig om 'n gemors van ons eie lewens en andere sin te maak, daar is nie meer ruimte vir God se wil nie. Laat ons liewer tot stilstand kom en God 'n kans gee om Sy wil te laat skied, in elkeen se hart en ook in ons land. Laat God ons soos instrumente gebruik. Kom ons wys ander lande ons kan dit doen.

ElGerSue.